


© Die Oratorium Uitgewery

# St. Elias en Metgeselle
## 16 Februarie

(sterf 309)

Die verhaal van die martelaarskap van die heilige Elias en sy metgeselle Daniel, Jesaja, Jeremia en Samuel is aan ons oorgelewer deur die vroeë Kerkgeskiedskrywer Eusebius van Caesarea. Volgens hom het Elias en sy groepie moedige geloofsgenote na die myne van Cilicië (in moderne Turkye) gereis om die Christene wat daar dwangarbeid in haglike omstandighede verrig het by te staan en te versorg. Hulle is egter gevange geneem en gruwelik gefolter voordat hulle onthoof is. Twee ander Christene wat ook in die omgewing was, Pamfilius en Seleukus, is ook gevang en saam met hulle doodgemaak.